# Is jy op koers?

Die jaar het reeds halfpad gevorder en dit is ‘n goeie tyd om die gesondheid van jou finansiële plan in oënskou te neem. Het jy enige finansiële nuwejaarsvoornemens gemaak, en hou jy by hulle? Indien nie: wat verhinder jou en watter stappe moet jy vandag doen?

## Jou plan sover

Indien jy ‘n finansiële plan opgestel en daarby gehou het, sou jy ontdek het dat jou spanningsvlakke met betrekking tot geldsake aansienlik gedaal het. Die tyd en energie wat dit behels om elke maand ‘n paar uur aan jou finansies te bestee, begin vrugte afwerp namate jy voel jou skuld is meer onder beheer, jou spaargeld groei en jy het meer beheer oor wat elke maand van jou swaar verdiende kontant word.

Sou jy die maandelikse finansiële plan in ons Februarie-uitgawe gevolg het, dan het jy teen dié tyd reeds ‘n begroting gehad, met ‘n spaarplan begin, ‘n maand op ‘n geen-plastiek dieet bestee, jou skuld in die oë gekyk en jou versekeringspremies in heroënskou geneem.

Hierdie maand sal jy kyk na maniere om jou vaardighede te verbeter. Jy hoef nie vir ‘n doktorsgraad in te skryf nie. Om deur jou werk kursusse te volg, en jou kommunikasie- of rekenaarvaardighede te ontwikkel, sal bydra tot jou loopbaanontwikkeling.

## Verstaan wat verkeerd geloop het

As jy nog nie met jou finansiële plan begin het nie, of dit het dalk langs die pad ontspoor, onthou dit is nooit te laat om te begin nie. Verstaan net wat verkeerd geloop het en wat jou verhinder het om vooruit te gaan.

Daar is gewoonlik twee redes waarom ons ons geldsake vermy: dit voel soos ‘n reuse-taak en om skulde te konfronteer, beteken gewoonlik ons sal moet besnoei op besteding.

## Hoe eet jy ‘n olifant? Een happie op ‘n slag

Jy hoef nie oornag ‘n finansiële plan in plek te hê nie. Breek dit op in hanteerbare porsies en wy jouself daaraan om net drie ure per maand aan jou geldsake te bestee. Teken elke maand ‘n afspraak in jou dagboek aan en gebruik daardie tyd om jou geldsake in oënskou te neem. Sluit jou maat ook in by daardie vergaderings.

Papierwerk: Jou eerste afspraak sal wees om die administrasie uit te sorteer: maak uitdrukke van drie maande se bankstate, sit al jou rekeninge bymekaar en sit jou versekeringspolisse op lêer. Om al jou finansiële dokumente en inligting op een plek te hê, sal jou klaar meer in beheer laat voel.
Nou is jy gereed vir jou volgende afspraak – jou maandelikse begroting. Hou in die volgende maand ‘n notaboek by jou en skryf alles neer waarop jy geld bestee.

Jou begroting: Maak ‘n tabel van jou inkomste, jou maandelikse debietorders en noodsaaklike uitgawes soos brandstof en verbruiksartikels.
Ontleed nou daardie notaboekie – en jy sal verbaas wees. Die syfer wat mense gewoonlik skok, is hul koffie-gewoonte. Daardie een cappuccino waarmee jy jou dag wil afskop, kos jou sowat R480 per maand. Al

sou jy dan nie van jou kaffeïen-inspuiting wou afsien nie, sal jy waarskynlik ander klein daaglikse koste ontdek wat saam op ‘n groot bedrag neerkom en jou die geleentheid bied om te besnoei en om kontant beskikbaar te maak vir die afbetaling van skuld of vir ‘n spaarplan.

Finansiële advies: In jou derde afspraak-gleuf sal jy miskien ‘n finansiële adviseur wil betrek wat jou kan help om ‘n finansiële plan op te stel om jou spaargeld te vermeerder en jou skuld te verminder. ‘n Finansiële adviseur sal jou help om die regte beleggingskeuses te maak en om vir jouself finansiële doelwitte te stel. Om jou doelwitte neer te skryf, sal hulle meer werklik maak en jou in staat stel om elke maand jou vordering dop te hou. ‘n Finansiële adviseur sal ook die papierwerk hanteer – een ding minder vir jou om jou oor te bekommer.

## Volg die lae GI-benadering

Om geld uit te gee laat ons goed voel – maar net kortstondig. Huidige navorsing wys dat dit eerder die verwagting is om geld uit te gee wat ons ‘n emosionele hupstoot gee as die eintlike besteding daarvan.

Wanneer jy beheer neem van jou besteding, sny jy as ‘t ware die korttermyn emosionele hoogtepunt uit wat meegebring word deur impulsief geld uit te gee en die onvermydelike laagtepunt wat jy ervaar sodra jy jou bankstaat ontvang.

Om te weet jy is in beheer van jou geldsake en om jou beleggings te sien groei, sal jou ‘n blywende gevoel van behaaglikheid gee. Dit beteken nie dat jy nooit weer sal geld uitgee nie, dit beteken maar net jy doen dit op ‘n manier wat jou nie met ‘n gevoel van wanhoop laat nie.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*